SÊ JOU SÊ!

# LEWER KOMMENTAAR OOR DIE KONSEPBELEID OP ORGANISATORIESE PRESTASIEBESTUUR

Die Stad nooi inwoners, belanghebbendes en geraakte partye om kommentaar te lewer oor die konsepbeleid op organisatoriese prestasiebestuur (OPM) wat tans hersien word.

Die OPM-beleid, wat aanvanklik in 2011 deur die Raad aangeneem is, word bygewerk om die volgende te weerspieël:

- Nuwe organisatoriese prestasiematuriteitsassesserings
- Bygewerkte wetgewende vereistes
- 'n Strategiese verskuiwing na 'n uitkomsgebaseerde, tegnologiegereed- en inwonergesentreerde prestasiebestuursbenadering.

**Waaroor gaan die konsepbeleid?**

Die hersien OPM-beleid bied 'n omvattende raamwerk vir die wyse waarop die Stad se prestasie vir alle Stadsdirektorate, -departemente, munisipale entiteite en indiwiduele werknemers beplan, gemonitor, hersien, geëvalueer, verslag oor gelewer en geoudit word.

Die sleuteldoelwit is om toe te sien dat munisipale beplanning, bedrywighede en prestasiemonitering sinvol bydra tot die uitkomste wat in die Stad se geïntegreerde ontwikkelingsplan (IDP) gestel word.

Die beleid verseker in wese dat die OPM-stelsel, 'n instrument wat diensleweringsvordering in die Stad meet, goed geïmplementeer word om die gestelde IDP-doelwitte te bereik en ooreenkomstig wetgewing plaasvind.

**Hoekom is hierdie hersiening belangrik?**

Die beleidshersiening word deur drie hooffaktore aangedryf:

- 'n Verskuiwing na uitkoms- en impakgedrewe prestasiebestuur
- Om met gewysigde wetgewing, nasionale regulasies, munisipale beplannings- en begrotingsraamwerke, en IDP- strategiese prioriteite te strook
- Integrasie met nuwe tegnologiese ontwikkeling, insluitende die Stad se OPM- digitale stelsel vir databestuur, paneelborde, verslagdoening en ouditering

Die konsepbeleid strook met sleutelwetgewing, insluitende die Wet op Munisipale Stelsels, die regulasies oor munisipale beplanning en prestasiebestuur, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, asook met die Stad se IDP.

**Kommentaartydperk**

Dien jou kommentaar en besware van 11 Mei 2026 tot 11 Junie 2026 in.
Kommentaar, aanbevelings en insette oor die konsepbeleid op organisatoriese prestasiebestuur kan op enige van die volgende maniere ingedien word:

- E-pos: performance.management@capetown.gov.za
- Internet: www.capetown.gov.za/haveyoursay
- Skriftelike voorleggings ingehandig by subraadskantore

**Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help. Skakel 0800 212 176 of stuur 'n e-pos na Anthea.Bendie@capetown.gov.za vir hulp om jou verbale kommentaar neer te skryf.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA92/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD